Openbaring (3)
29 April 2007
Ds Freddie Schoeman

Ons het verlede week gesien dat hoofstukke 4-11 van Openbaring 'n eenheid vorm. Dit wat in hierdie agt hoofstukke geskryf staan het oorspronklik betrekking op die gebeure rondom 66-70nC – die Joods Romeinse oorlog wat uitgeloop het op die verwoesting van Jerusalem en die tempel waartydens 1,1 miljoen Jode gesterf het.

Ons het ook gesien dat Openbaring 'n baie kragtige sentrale boodskap het: God is in beheer / Hy is die Alfa en die Omega / die Een wat is, wat was en wat kom.

Ons het tot dusvêr gekyk na die eerste ses van die sewe seëls (vgl. Op 5). Nou kom ons by die sewende seël.

8:1-2 Vanuit die sewende seël kom daar nou sewe trompette (Soos babuschka's!) Trompette = komete. (Ptolemeus praat van perde, trompette en bakke as verskillende soorte / vorms komete). Komete beteken slegte nuus vir die gedeelte van die aarde waarbo dit verskyn – in hierdie geval dan (as ons die konteks in ag neem) Juda en Jerusalem.

8:3-5 Altaar = sterrekonstellasie (sien preek van 22 April)
"… op die aarde". 'n Beter vertaling sou "land" gewees het. In lyn met die betekenis van komete (vgl opmerking hierbo) en die feit dat dit hier gaan oor die gebeure van 70 nC dui dit op onheil vir Juda en Jerusalem – nie vir die res van die aarde nie.

Die mense van destyds het donderslae, dreunings, weerligstrale en aardbewings gesien as teken van aktiwiteite van hemelwesens. (Interessant dat donderslae en weerligstrale as afsonderlike aktiwiteite beskou word.)

Tot aan die einde van hoofstuk 11, gaan ons nou kyk na die betekenis van die sewe trompette.

[Dit sal help as ons onsself kan plaas in die naghemel, saam met Johannes. Vir die volgende paar hoofstukke is ons hoofsaaklik in die *suidelike* naghemel. Die aktiwiteite sentreer rondom die altaar (Ara), net onder die Skerpioen-konstellasie. Aan weerskante van die Altaar, is die konstellasies Sagittarius en Centaurus. Volgens die antieke mense was daar tussen die Skerpioen en Sagittarius 'n skag wat na 'n

bodemlose put gelei het – die doderyk. Die Skerpioen en sy hemelse kollegas hou wag oor die ingang. 'n Mens kon nie sommer na willekeur die doderyk betree nie. Jy moes toegelaat word.]

8:6-12 Die eerste vier trompette. Effek van oorlog. Volgens Joodse historici was die beleg en uiteindelik verwoesting van Jerusalem 'n verskriklike tyd gewees.

8:13 Arend = Pegasus. Drie wee's: dui op intensifikasie.

9:1-12 Die volgende twee komete beweeg deur die twee sterrekonstellasies wat aan weerskante van die altaar geleë is: Sagittarius en Centaurus.

9:1-2 Ster wat val is 'n hemelse wese (verskietende ster). Dit het nie letterlik op die aarde geval nie maar omdat dit net in suidelike naghemel net bokant die horison gebeur, lyk dit asof dit op die aarde val. "Onderaardse diepte" dui op iets in die hemel en nie op aarde nie. (Gr: *abussos,* Eng: "*abyss, bottomless pit*"). Vir die antieke mens is hierdie hemelse bodemlose put in die suidelike naghemel tussen die konstellasies van die Boogskutter en die Skerpioen, naby die altaar. Dit is die ingang na die doderyk.

9:3-6 Die antieke mense het geglo dat jy nie sommer die doderyk kan ingaan na willekeur nie. Jy moet toegelaat word. Daarom is daar wagte.

9:7-12 Die beskrywing hier kom ooreen met die beskrywings in antieke dokumente van die sterrekonstellasie Sagittarius. Abbadon en Apollion beteken verwoesting.

9:13-14 Hemelse Eufraat: Eridanus, 'n sterrekonstellasie wat as 'n lang kronkelende rivier gesien is.

9:15 "Mensdom" – inwoners van Juda en Jerusalem in 70nC.

9:16-19 Perde met leeu koppe en slangsterte. Verwys na Centaurus aan die anderkant van die altaar. Versinnebeelding van oorlog. Dink hier aan die 60 000 Romeinse soldate en hulle oorloginstrumente.

9:20-21 Die rede vir die verwoesting: bekering. Baie in lyn met die profete van ouds wat oordeel oor die volk Israel aangekondig het. Die sondes wat hier genoem word is die "tradisionele" sondes van die volk Israel wat deur die profete soos Jeremia ook genoem word.

Woord "bekering" veronderstel verbond; God se ooreenkoms met mense. Bekering is slegs moontlik deur mense wat deel was van die verbond en die verbond die rug gekeer het. Gaan dus hier nie oor al die mense van die aarde nie maar oor God se volk, die Jode / Israeliete. Hoofstukke 4-11 handel nie oor wat met mense ver in die toekoms gaan gebeur nie, maar wat aan die gebeur is met God se volk in Juda en Jerusalem in 70nC.

10:1-11 Ons het nou 'n tussenspel voor die sewende trompet. Daar is drie tonele: 1-4 – Johannes sien die engel en hoor 'n stem. 5-7 die eed wat die engele aflê. 8-11 profeties-simboliese handeling.

10:1-4 "Sterk" – ook groot, so hoog soos die wolke en die reenboog. Engel met die oop boekie – bedoeling om te kommunikeer. Donderslae – ego's. Skryf nie openbaring op nie. See = Middellandse See. Engel staan met sy rug na die noorde.

10:5-7 "Hom" – herhaling van die sentrale boodskap van Openbaring: God is groot, almagtig en in beheer.

NBste vers, is vers 7: Geen tyd meer oor nie: sewende trompet-komeet is op pad. Dan gaan God se "verborge bedoeling" met alles bereik word. As lesers vra ons onsself onmiddellik af: Wat is hierdie "verborger bedoeling"?

10:8-10 Profeties-simboliese handeling: 'n handelinge wat in opdrag van God uitgevoer word en die effek wat dit simboliseer produseer. Die boodskap van God is goed om te weet, maar die inhoud is bitter.

10:11 "Baie volke, nasies, tale" – verwys na die Jode in diaspora (vgl Handelinge 2:5). Die "adres" van die boodskap is God se volk Israel. Die boodskap het op hulle betrekking.

11:1-2 Nog 'n profeties-simboliese handeling. Die tempel van God en die altaar op die aarde is bedoel om verwoes te word. Johannes moet dit afmeet en daarmee saam God se oordeel oor hulle uitmeet.

11:3-14 Die stem lig Johannes in dat twee getuies na Jerusalem toe gestuur sal word om die bitter boodskap van God te verkondig. Daar sal hulle doodgemaak word en hulle lyke sal in die hoofstraat van Jerusalem lê. Die bewoners van die land sal fees vier hieroor. Maar na drie en 'n half dae sal hulle weer opstaan en met 'n wolk na die hemel

toe opvaar. Vers 13 … aardbewing, tiende van die stad stort inmekaar. Tweede wee is verby en die derde een kom gou.

11:15 Die sewende trompet (vlg 10:7) God se verborge bedoeling: die vestiging van sy koninkryk. Die stemme in die hemel roep hard uit: "Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid."

Dit word nie uitdruklik hier vermeld nie, maar die sewende seël veronderstel die verwoesting van Jerusalem. Met die eerste oogopslag wil die voorkom asof God sy koninkryk vestig deur Jerusalem te verwoes. Niks kan verder van die waarheid af wees nie. God se hart oor Jerusalem word deur Jesus in Lukas 19:41-44 uitgedruk. Jesus het oor die stad gehuil en gesê: "As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor. Daar sal dae oor jou kom dat jou vyande vestings teen jou oprig en jou omsingel en jou van alle kante beleër. Hulle sal jou met die grond gelyk maak en jou inwoners uitwis. Hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die betekenis van die tyd toe God gekom het om jou te red, nie besef het nie."

En in Matteus 23:37 lees ons Jesus se woorde: "Jerusalem! Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie! Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat."

Dit herinner aan Jeremia se verkondiging van die oordeel oor Jerusalem destyds en die groot hartseer wat dit hom besorg het.

Die mense van Jerusalem bring die oordeel oor hulleself. Die Here wou hulle graag red, maar hulle het die weg van opstand en geweld gekies. En hulle dra nou die gevolge daarvan.

Maar, al gee God mense oor aan die gevolge van hulle keuses, word God nie die gevangene van mense se keuses nie. Ten spyte van, en selfs ook deur middel van die mens se keuses, laat God tog sy wil geld. (Dink aan die verhaal van Josef) Ten spyte van Jerusalem se verwoesting, en selfs deur middel van Jerusalem se verwoesting, vestig God sy koninkryk.

God kan dit vandag nog steeds doen en Hy is besig om dit steeds te doen. Waar ons as mense deur middel van sondige en selfsugtige

keuses die wêreld in chaos verander, gryp God in en uit die puinhoop van verwoesting bring die Here nuwe hoop. Daarom is dit altyd te vroeg vir moedverloor.

11:16-18 "Eindtyd". Sedert Daniël (9:25-27) het die Jode die verwoesting van Jerusalem beskou as die "eindtyd". Dit verwys dus hier nie na die "einde van die wêreld" nie, maar na die einde van Jerusalem.

11:19 Noudat die aardse tempel verwoes is, gaan die hemelse tempel oop, en die verbondsark word sigbaar. Dit word gevolg deur weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm. Dit herinner aan die verbondsluiting by Sinaï. Hier word 'n nuwe verbond gesluit – met die Johannese gemeenskap – die kerk van Jesus Christus.